**Saterdag 30 Januarie**

**Skrifgedeelte: Job 26:5-14; HK Sondag 4, Antwoord 11**
**Fokusgedeelte: Job 26:14**

## Sonde teen die allerhoogste majesteit van God

Onder ons as mense gebeur dit dikwels dat ’n oortreding teenoor ’n persoon of instansie wat hoog in aansien is en baie gesag het, in ’n baie ernstiger lig beskou word as ’n oortreding teenoor ’n persoon of instansie wat mindere aansien en gesag het. So sal die oortreding van ’n wet van die hoogste owerheid met baie groter erns bejeën word as die oortreding van ’n reël van ’n huisgesin. Dit is die agtergrond van die woorde in ons belydenis: “... die sonde wat teen die allerhoogste majesteit van God gedoen is.” Met dié woorde word na die ontsagwekkende grootheid, heiligheid en heerlikheid van God verwys. Hy is só groot en magtig dat geen mens dit ooit sal begryp nie.

In Job 26 word oor hierdie grootheid van God gehandel soos dit in die skepping en onderhouding van alles geopenbaar word. Job verwys na die ruimte van die hemel met sy sterre, komete en planete wat daarin wentel en duisende ligjare van mekaar verwyder is (vs 7). Hy praat ook van die aarde wat hang waar daar niks is nie, maar van oomblik tot oomblik gedra word deur God en deur sy magswoord in stand gehou word (vr 17; Heb. 1:3). Hy versamel die water in wolke sonder dat hulle skeur (vs 8). ’n Mens sou in aansluiting hierby kon verwys na magtige getygolwe, tsoenami’s, weerligstrale, aardbewings en dergelike sake. Behalwe die opanbring van God in die natuur is daar nog verder sy openbaring in sy Woord. Daar openbaar Hy Hom aan ons as die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, wat in Christus ons verlossing bewerk het en deur die Heilige Gees die wedergeboorte in ons werk.

Aan die einde van die hoofstuk sê Job egter dat as ons dit wat ons uit die natuur en uit die Skrif van God weet, vergelyk met wat God werklik is, is die verskil so groot soos die verskil tussen ’n fluisterstem en ’n donderslag (vs 14). Dan moet ons onthou dat hierdie verskil maar net ’n vergelyking is om ons te laat verstaan dat God in sy grootheid vir ons heeltemal onbegryplik en ondeurgrondelik is (Rom. 11:35). Dit is dan nou teen die allerheiligste majesteit van hierdie groot en heilige God wat die mens gesondig het. Daarom moet die sonde in ’n uiters ernstige lig beskou word en moet dit op grond van God se geregtigheid met die swaarste straf na liggaam en siel gestraf word. So onbegryplik groot as wat God in sy deugde en eienskappe is, so onbegryplik groot is Hy egter ook in sy liefde in Christus vir ons as skuldige en sondige mense.